Die Kaapse Bibliotekaris
The Cape Librarian

Amptelike maandblad van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens

Official monthly journal of the Cape Provincial Library Service

DECEMBER/DESEMBER 1957

Kaapse Provinsiale Administrasie Afdeling Biblioteekdienste

Cape Provincial Administration Division of Library Service

THE CAPE LIBRARIAN

DIE KAAPSE BIBLIOTEKARIS

Vol. 1, No. 2 Dec./Des. 1957 *Deel 1, Nr. 2.*

CONTENTS/INHOUD

EDITORIAL/REDAKSIONEEL		P/Bl.
No Finer profession		1
ARTICLES/ARTIKELS		
Work with Children	- Rhoda Barry	2
Funksies van n Openbare Biblioteek in Suid-Afrika	- Dr. G.W. Eybers	7
Die Eerste Streekbiblioteek	- A.P. Roux	12
FEATURES/RUBRIEKE		
Afrikaanse Boekbesprekings		16
English Book Reviews		16
English Juvenile Fiction		18
Afrikaanse Jeugverhale		20
Mainly of Music		22
Talking of Films		23
News from the Regions/Nuus uit die streke		
Calvinia		24
De Aar		24
George		26
Graaff-Reinet		26
Robertson		27
Stellenbosch		28
Personalia		30
News from Head Office/Nuus uit Hoofkantoor		31
Accessions List /Aanwinslys		33
Photo page		33

Printed and distributed by the Cape Provincial Library Service, 48, Keerom Street, Cape Town.
Gedruk en versprei deur die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Keeromstraat 48, Kaapstad.

EDITORIAL

NO FINER PROFESSION

DECEMBER will bring into our libraries many young people with more time for reading now that the school holidays are here. For some this December may mean the end of school days, the exciting beginning to a new life, and it is more than probable that you will be asked about books on careers, books to answer that preplexing question : What do I want to be?A teacher, a secretary, a journalist, a social worker? What about a librarian?

There is still a shortage of qualified librarians in South Africa, in spite of salary scales that compare favourably with other professions, and excellent prospects for advancement. There are vacancies in public libraries, university libraries, provincial libraries, tecnical libraries, national libraries.

Here in the Cape Province both the Cape Town and Stellenbosch universities offer a one year post-graduate course in librarianship, while for the matriculant Cape Town University offers a one year certificate course and the Stellenbosch University a two year intermediate course. For those who wish to study while working, there are correspondence courses conducted by the South African Library Association and the University of South Africa.

Are you a good ambassador for librarianship? Every person you meet forms an impression of librarianship from you. Try to share the enjoyment you get from your work. You'll find your enthusiasm contagious. Let us try to dispel the all too prevalent idea that librarianship is for the shy retiring violet, who does not''fit in'' to any other calling.

Muriel Perry of Illinois Public Library listed her requirements for a librarian recently in a letter to the Wilson Library Bulletin. She added to the love of books, ''a basic integrity, the ability to think clearly, the urge to grow, the love of knowledge - not for knowledge sake but for its blessings and the richness that it gives - and the love of mankind.''

I'm sure that among the many young people you meet across your library counter there are some who have these attributes. Have you ever thought of interesting them in librarianship? There is no finer profession for them to enter.

*

We hope that you will contribute articles, and send us suggestions for the journal.

IF WE RECEIVE ENOUGH RESPONSE, WE SHALL ADD ANOTHER FEATURE TO THE CAPE LIBRARIAN, ''LETTERS TO THE EDITOR''.

We should like to take this opportunity of wishing the readers of THE CAPE LIBRARIAN a very happy Christmas.

*

WORK WITH CHILDREN

by Rhoda Barry

A precis of a lecture delivered at the Vacation School, Hartenbos, September, 1956, by the former Head of our Children's Department. Miss Barry is now living at Wakkerstroom where she is working on a history of children's Literature in South Africa.

WHY, WHEN AND WHAT TO READ.

THE child should read because reading is a social process. It relates him to his environment and conditions that relationship. Furthermore, it fits him for the moral, spiritual and ethical role in life.

Arbuthnot* states: ''Certain basic needs are common to most peoples and most times. Children's needs are at first intensely and narrowly personal, but as they mature these needs broaden and become more generously socialized in proportion to the socialization of the child. As he struggles to satisfy his needs, he is forever seeking to maintain the precarious balance between personal happiness and social approval, and that is no easy task. Books can help him directly or indirectly''.

There are seven basic needs:
(i) The need for security: material, emotional, and spiritual
(ii) The need to belong - to be a part of a group.
(iii) The need to love and to be loved.
(iv) The need to achieve - to do or be something worthy.
(v) The need to know; intellectual security.
(vi) Play: the need for change.
(vii) The need for aesthetic satisfaction.

Work with Children must be approached from a sociological angle; in other words, how is his reading affected by his every day contacts.

It is interesting to note what strides have been made in the conception of reading disabilities and the causes thereof. During the 1910's - 1920's, only physical disabilities such as bad eyes and bad hearing were considered as the causes of poor reading ability. The modern conception includes psychological disabilities, i.e. sociological effects. Under the circumstances, is the librarian prepared to keep a folder for each child containing various types of data influencing his reading, i.e. detailed questionnaires covering areas such as his back-

ground, the community he lives in, and the characteristics of the child such as educational and emotional; personality traits, and most important of all, his present needs?

Before you can consider introducing the child to the library what is his reading readiness?

Lillian Lamoreaux* in her *''Learning to read through experience''* states:-

(i) a child must be able to see well
(ii) a child must be able to hear distinctly
(iii) a child must have a certain amount of social development
(iv) a child must have a certain amount of mental development
(v) a child must have attained a certain facility with language
(vi) a child must have a background of experience
(vii) a child must have an interest to read
(viii) a child must have certain specific habits and abilities needed in reading.

All reading development preceding the actual reading from a book will be considered reading readiness.

Before one can consider the problem of book selection, the most important point is:

FOR WHOM ARE WE CATERING?

Our first problem is that of two language groups, English and Afrikaans. Many Afrikaans speaking children cannot read English, either through lack of opportunity or dislike of the language; and the English speaking child will not read Afrikaans for the same reasons. They can only be won over by (a) a very sympathetic approach; and (b) by supplying the right materials.

Our second problem is that of age groups. These may be grouped as follows; infants; 6 - 7 years; 7 - 8 years; 8 - 9 years; 9 - 10 years; 10 - 11 years; 11 - 12 years; 12 - 13 years; (14 years and over fall in the Adolescent group).

A satisfactory service can only be given in a Children's Room if the book-stock is adequate. The principles of book selection rest upon the basic needs of the child, with particular reference to aesthetic needs, and the need for intellectual security. As far as aesthetic needs are concerned, nothing mediocre should find its way to the shelves. Only the best is good enough for the young, as the zest and eagerness, and the sense of wonder of youth is deadened when it is fed the mediocre. Intellectual security can be ensured by supplying a selective choice of books from the time the child first visits the library until the time when he leaves school. Non-fiction should play an important part as the child grows older.

There must be no moralising or didacticism evident in books for children. There must be no talking downto children. Reading should be a joyous experience for the child.

PRE-SCHOOL CHILD

The most important work concerning the Children's Room is the program for the pre-school child. It is here that the librarian can lay the basis for a well read individual. If the child's reading readiness is satisfactory, he should be given every encouragement to join the library, first by accompanying his mother to the library, then by coming alone for his books and to attend the picture-book hour. His reading matter will consist of attractive **picture books**, with plenty of good illustrations and very little text, as the span of attention at that age is short. Plenty of nursery rhymes and 'finger-games' should be introduced to the infant group. Small children enjoy humour and action. It might be mentioned in passing, that picture books are incentives to reading in any language.

The next step in reading is the introduction of **Easy Books**, i.e. little books well illustrated, but with more text in large type. A good example of this type of book is Beatrix Potter's *Peter Rabbit*.

The importance of good Picture Books and Easy Books cannot be overemphasized. These are the tools with which to combat the problems of language difficulties. Given an easy book with attractive illustrations and large print, the child will soon overcome his reluctance to read either English or Afrikaans. Plenty of Easy Books in both languages will build up a foundation for better reading.

The next stage in reading is the presentation of **Fairy Stories** and **Animal Stories**. This will be an inducement to take the next step to the world of phantasy. The child should be able to use his imagination and explore the world of wonder Legends and folklore there are aplenty.

School and adventure stories are always firm favourites with the 11 year olds and over. Adventure stories range from everyday events to exploring the heavens by space ship, or diving to the bottom of the ocean with flippers and aqua-lungs.

Judging by the amount of Comic material which is flooding the market, the only conclusion one can come to is that while we are progressing technically, we are retrogressing mentally. Every thing must be made as easy as possible; less and less text with more and more pictures seems to be the order of the day. As J.B. Priestly said: ''The Village Idiot has at last come into his own''!

Good illustrative material should combat comics. The child should be taught to discriminate between an animal cartoon depicting a satirical sketch of humans, and rubbish.

Teach the child what constitutes a good book through means of book education. Printing for pleasure should encourage the child to take up printing as a hobby, and teach him what good paper and type consist

of. With this background, the child should be able to build up his own little library, and also enjoy the Children's Room.

Organise a Book Week in your Library, not only for the children but for parents and relatives. Book education extends to the latter group as well. Parents will be making use of the Library and the librarian for guidance relating to books and reading problems.

Treat the question of *adaptions* circumspectly. There are arguments for and against this type of material. Many experts in the field of children's literature feel that they would rather not have the child read a classic at all, if it means that a poor adaptation will be their first introduction to the classic. Others argue that if the child is introduced through means of an easy adaptation, it will lead him to read the original.

This argument also holds good for *translations*. There are good and bad translations. Many South African publishers are making use of overseas material, translating the text and using the coloured illustrations. This is not always a success, as the illustrations do not depict the South African scene as the text endeavours to imply.

Know your bookstock! If the library is to combat outside competition, it must take vigorous action. It is essential that book talks be given; introduce different subjects which are of interest at the moment, whether international, national or local. Introduce the books by giving a short resume of the content, and leave the children to finish the books themselves. Keep informed about local events, and see that you have the material on hand to interest the reader. Don't wait for the child to come into the library - go out to the cross-roads and shout your wares! Sell the library, it belongs to the common man.

SUPPLEMENTARY MATERIAL

Use supplementary material to introduce books to the child.
(i) puppets
(ii) audio-visual material

(i) *Puppets:* these may be used to the fullest advantage. There are many publications dealing with the subject, together with plays which the librarian, with the help of the children, may produce in the Children's Room. The children could help in the making of the puppets which could depict characters out of a favourite book.

(ii) *Audio-visual material:* use this to combat outside influences by showing and playing only the best in this field.

Remember that the supplementary material must lead to the printed word. Always have a good book display on hand relating to the subject presented. Fiction and non-fiction should be used, e.g. if a film is shown of dogs, fiction could be represented by *Jock of the Bushveld* and *White Fang;* and non-fiction

could be represented by *The first book of Dogs* and a book on the care of pets.

One of the most important methods of introducing books to children is through means of Picture-book and Story-telling Hours. It has been generally agreed that the greatest value of the story-hour program lies in the opportunity that it gives to introduce children to the best in literature, or perhaps, as Elizabeth Nesbitt has suggested: ''the purpose of library story-telling is to cultivate the capacity for literary appreciation in children.'' Good story-telling is interpretive and much that is beyond the child's mechanical reading level is within his listening comprehension.

Story-telling and puppets may be used to the fullest advantage inside and outside the library; inside the library during the winter months, and out in the parks or library grounds during the summer.

So much then for the child. What can the library offer them? Will there be a special selection of books for young people? Will adult library privileges be given them? They must not be left in mid-air between the Children's Room and the adult library. If they are not catered for, the library will lose untold readers. With intellectual security well instilled, the young people can face the world; and they will return to the library during their adult years for further intellectual enrichment.

Turn your Children's Room into a workshop, with the book stock acting as tools, and the children acting as the material to be turned into happy and enriched citizens of tomorrow.

* Arbuthnot, May Hill, *Children and books*. Scott, Foreman, 1947, p.2 - 10.

* Lamoreaux, Lillian. *Learning to read through experience*. New York: D.Appelton-Century Co. 1943.

◇◇◇◇◇◇ Y ◇◇◇◇◇◇

''Give us books,'' say the children,
''Give us wings,
You who are powerful and strong,
Help us to escape in the faraway,
Help us to keep our dreams.''
Paul Hazard.

DIE FUNKSIES VAN 'N OPENBARE BIBLIOTEEK IN SUID-AFRIKA

Dr. G. W. Eybers*

Ons hoef net n oomblik oor die saak liggies na te dink, dan besef ons terdee dat n biblioteek in Suid-Afrika, naas die eienskappe wat dit gemeen het met alle ander biblioteke ter wereld - of op die Maan, of op die planeet Mars, as daar reeds biblioteke is - ook karaktertrekke het en moet he wat aan homself eie is.

N BIBLIOTEEK in Suid-Afrika sal in belangrike opsigte anders wees as n biblioteek in Kanada of Pakistan of Japan. Om mee te begin, is Suid-Afrika n tweetalige land, n protestants-christelike land, n land wat baie belang stel in sy goudproduksie sy grond, sy wolskeersels, sy mielieoeste, sy rugby, sy raaseprobleme, en, op die oomblik sy eendsterte.

Dit bring ons dan tot die eerste fundamenteel belangrike stelling, dat die doel en funksie van ons biblioteke gesien moet word in die lig van die gemeenskap waarin hulle gestig is en onderhou word, en in die lig van die behoeftes en begeertes van daardie gemeenskap.

n Tweede belangrike stelling is dat net soos die insigte, gewoontes, verlangens, gevare en vrees van die samelewing aan voortdurende wisseling onderhewig is, so sal die taak van sy biblioteke ook nie altoos presies dieselfde bly nie.

Insgelyks en in die derde plek, het die fisiese en tegniese praktyk met die bybring en bewaar van kennis aanmerklike veranderings ondergaan en die biblioteke moes daarmee tred hou Geskrifte in beeld is gevolg deur geskrifte deur middel van die alfabet. Oorkondes in klei is gevolg deur oorkondes in klip en later op metaal; toe op die papirusblad, en nog later op perkament en papier. Vandag word n ontsaglike hoeveelheid kennis bygebring en versprei deur opnames op plate of films en op draad om deur middel van die grammofoon die projektor en die radio aan groot gehore meegedeel te word. Daarby kom nog die inligting en die wysheid, soms ook die genot, wat verskaf word deur prente, fotos, skilderye, modelle en beelde: so het Hendrik VII gelyk, dit was die eerste vuurwapen wat die lotgevalle van prinse en nasies beslis het, so het Van Riebeeck se seilskepe daar uitgesien, en so die eerste Europese drukpers. Dit was Dingaan en so lyk Mosega, en so Majuba.

Al hierdie maniere om kennis mee te deel en om genot te verskaf kom onder die aandag van die moderne biblioteek, en die nodige uitrusting

word aangeskaf, bewaar en vir die publiek beskikbaar gestel tot die mate wat prakties uitvoerbaar is, dit wil sê, in soverre die middele strek, en die insigte van die bibliotekarisse en die beheerrade. Al hierdie sake hoort by ons biblioteke tuis en moet n plek daarin vind.

VRYHEID

Egter, waar ons biblioteke tempels is, gewy aan die vryheid van die menslike gees, eis hulle ook tereg die vryheid, om in hul besondere rigtings te ontwikkel en sal sommige hierdie, en ander daardie sy van hulle werksaamhede beklemtoon.

Terwyl n seker mate van spesialisering egter verwelkom word en dit verblydend is wanneer n biblioteek sy eie karakter dra, mag hierdie vryheid nie as verskoning dien om glad geen saal vir lesings en projekteerwerk te hê, of om fotos en prente in n kamer op te berg waar die publiek nie kom nie, of om jou Africana-afdeling van die publiek weg te sluit, of om jou prettigste vertrekke vir jou staf te reseveer, of, om die gereelde hou van stafvergaderings vir raadpleging en vrybespreking agterweë te laat, of om biblioteeknavorsing heeltemal te verwaarloos, of om van die vergaderings van die Biblioteekvereniging weg te bly nie, of om jou eie skrywerstalent in n sweetdoek te begrawe nie.

Een van die eerste en grootste funksies van n biblioteek wat ek wil noem is so vanselfsprekend dat dit in die reël nie eers genoem word nie, nl. die in stand hou en ontwikkeling van die taal of tale van die inwoners. Hierdie funksie kry gewoonlik erkenning en tree wesentlik na vore wanneer die behoefte daartoe hom aanmeld, soos wanneer daar twee of meer tale in die land is, en wanneer een of ander van hulle nie so veilig is of so suiwer en kragtig ontwikkel as verlang word nie. Omdat dit juis die posisie is waarin Afrikaans hom bevind en omdat die bevolking dit anders wil hê, gee ons in hierdie reeks praatjies aan die onderwerp besondere prominensie. Een van die kragtigste steunpilare van Afrikaans is sy eie stamtaal, naamlik Nederlands of Vlaams.

NEDERLANDS

Die eerste rede waarom n kennis van Nederlands essensieel is, is omdat die jeugdige Afrikaanse kultuur, insluitende die letterkunde, nog nie in sigself sterk genoeg en ryk genoeg is om die Afrikanerbevolking te bevredig nie. Daardie Afrikanerbevolking, veral die meer ontwikkelde deel, keer hom al meer vir bevrediging na die ander kultuurgoedere, te wete die Engelse en die Amerikaanse. Hy beoefen en bemin sy eie al minder met daardie lojale ywer en diens wat dit nodig het, hoewel hy beslis partydig daarteenoor staan. Die tweede rede waarom kennis van Nederlands noodsaaklik is vir ons behoud, beklemtoon maar weer n aspek van die eerste: dit bring sterkte en suiwerheid en rykheid en sêkrag aan Afrikaans.

En onder al die maniere om kennis van Nederlands vir die bevolking by te bring het ons een in die besonder beklemtoon omdat dit meer doeltreffend sal wees as al die ander. In derdaad hiersonder sal al die ander, soos in die verlede, op niks uitloop

nie: Nederlands moet terug gebring word as n volwaardige studievak op skool en Universiteit naas Afrikaans of skeikunde of Latyn. Ons het voorts betoog dat leerlinge en studente en dosente daar veel vreugde uit sal beleef. En dit was vir ons duidelik dat om die poging met sukses aan te wend, die allereerste vereiste sou wees om die onderwysers die nodige opleiding en geesdrif by te bring. Dit mag nie toegelaat word dat Nederlands vir die volgende geslag van Afrikaners n vreemde taal bly of word nie. Ons moet sake nooit so n gang laat gaan het nie. Dit was ook nie nodig nie.

VERSKEIDENHEID VAN WERKSAAMHEDE

Daar is nog net genoeg tyd tot ons beskikking om kortliks die verder funksies van n biblioteek aan te stip. Altyd onthou ons dat ons geen absolute maatstaf het nie en dat die funksies nie alleen verander wanneer tegniese hulpmiddels om kennis mee te deel verander nie, maar ook wanneer die samelewing nuwe behoeftes ontwikkel of van ou behoeftes bewus word wat met behulp van n biblioteek bevredig kan word. Hoe hoër die ontwikkeling van die Bibliotekaris en sy Komitee hoe gouer sal die biblioteek hom inspan om aan nuwe behoeftes te voldoen en hoe gouer sal die middele daartoe gevind word. Daarom is dit nodig dat die Bibliotekaris en sy Komitee hoog ontwikkelde mense sal wees, in ieder geval n hele endjie hoër as hul samelewing oor die algemeen.

Wat die funksies betref: Ek ken n bibliotekaris wat altoos as jy hom vra wat die doel van n biblioteek eintlik is, antwoord: ,,n Biblioteek leen boeke uit''. En tog het hy n inrigting wat die grootste verskeidenheid van werksaamhede onderneem. n Ander sê weer: ,,Die enigste doel van n biblioteek is om mense aan te moedig om te lees''. En tog is hy een van die mees ervare manne in die land. Hy kon jou net sowel met die ou gesegde wegstuur: ,,Ek weet, maar ek wil nie sê nie'', soos ons as kinders mekaar soms wou verleë maak.

Die eerste funksie van n biblioteek in ons land het ek reeds genoem. Hier is die tweede, maar dit is n noodwendige deel van die eerste:

Om boeke insluitende tydskrifte en koerante aan te koop, veilig te bewaar en vir die publiek beskikbaar te stel. Die tegniese hulpmiddels tot die meedeel van kennis vind n belangrike plek naas die boeke.

Derdens om die maksimum van gerief te verskaf sodat soekers na boeke hulle kan deurkyk en besluit of hulle daarvan hou of nie. Dus, soveel sitplek as moontlik en soveel staflede as moontlik wat geraadpleeg kan word. Boekevoorrade is in so n biblioteek so toeganklik as moontlik. Ook personeel wat redelike toesig kan hou.

OPDRIFSELS

In die vierde plek: om die lees van die publiek op n hoër peil te bring; dus soveel werke van blywende waarde as moontlik aan te koop en die ,,ligte leestof vir ledige uurtjies'' stadig maar seker tot n redelike minimum te reduseer. Nie alle boeke wat verskyn, verdien n plek op u rakke nie, en die oortuiging win vinnig veld dat veel van die werke wat n biblioteek na n kort tyd weer verwerp, nooit uit fondse van die publiek moes aangekoop gewees het nie - dat diegene wat die opdrifsels van die letterkunde verlang

self daarvoor moet betaal.

Om lesers na die boekrakke en die verskillende sale en afdelings te lok word duidelike kennisgewings en tekens aangebring, en desnoods word staflede daarvoor tydelik afgesonder. Sommige boekerye kan meer personeel in diens neem as hulle minder opdrifsels aankoop.

n Vyfde funksie is om treffende uitstallings en rangskikkings te bewerkstellig en die van tyd tot tyd af te wissel. Sodoende word lesers en nie-lesers by die afdelings of onderwerpe of besondere skrywers geintroduseer deur prominente vertonings van werke, deur middel van fotos of ander illustrasies, deur die vertoon van films, die draai van plate, die hou van lesings, bespreking en praatjies, deur die inspan van gidslektore,en deur uitstallings van boekhandelaars wat van tyd tot tyd toegelaat word.

Sesdens, om werke wat nie in die land is nie aan te koop en vir Suid-Afrika te bewaar. n Biblioteek mag nie tevrede wees alleen met die werke wat die plaaslike handelaars aanbied nie. Die laat net invoer of druk wat na hulle mening byval sal vind. Iedere Biblioteek het die geleentheid om langs die weg van eie seleksie n groot diens aan Suid-Afrika te bewys al is dit stegs deur die aankoop en invoer van n paar seldsaam waardevolle boeke per jaar. Ons nasionale biblioteke in Kaapstad en Pretoria kan deur middel van ons oorsese ambassades vriende en medewerkers in die buiteland werf wat met aankopings,uitruilings en skenkings ons land en hulle eie blywende dienste sal bewys. Die Kultuurverdrae wat reeds bestaan, behoort die middels te wees om met die verbondslande ruilings te bewerk van alle boeke wat hulle en ons uitgee. En hier is n wonderlike geleentheid vir ons Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, onder wie se vleuel ons kultuurskatte grootliks te verryk. Die persoonlike besware van die Uitgewersvereniging, wat uit geldelike oorwegings ontstaan, mag nie hier die deurslag gee nie.

VOLWASSE-OPVOEDING

In die sewende plek, in iedere gemeenskap sou dit n stap in die regte rigting wees as die biblioteek doeltreffende verteenwoordiging kry op die plaaslike komitee wat iets wil onderneem vir volwassene-opvoeding of volksontwikkeling. Op die platteland sal dit veelal n landbou-unie wees of n tak van die Vroue-federasie. Vreemd dat kultuurliggame so selde bibliotekarisse onder hul lede het!

Iedere Bibliotekaris moet immers as deel van sy opleiding n kursus in volwassene-opvoeding kry. As die regte kanale van diens wat hy moontlik kan lewer - in sy vrye tyd byvoorbeeld ; langs daardie weg vir hom getoon en oopgestel word, en as sy gedagtes vir n jaar of so in daardie rigting gelei word, sal ons ons verbaas oor die hulp wat hy aan die samelewing sal verskaf, ook buite sy biblioteek, omdat hy binne sy biblioteek so n ryke verskeidenheid van geleenthede voor hom het, in die boeke,tydskrifte, koerante en tegniese hulpmiddels wat hy hanteer.

KENNIS

In die agste plek: die bybring van kennis en inligting oor die land

sy aardrykskunde, sy geskiedenis, sy ekonomiese en maatskaplike struktuur, sy verhouding teenoor die buiteland, sy vraagstukke oor die algemeen is n plig van iedere biblioteek. In ons demokraties geregeerde land met sy ingewikkelde maatskaplike struktuur wil die burgelike bevolking altyd met meer en steeds meer kennis en insig gewapen wees sodat hy sy verantwoordelikhede en geleenthede kan verstaan en nakom.

Tiendens om boeke populêr te maak en die aanskaf van boeke wat genoeg gewig het aan te moedig bv. deur leesunies, boekbasaars, boekweke, en lesings.

Die laaste funksie: om kinderbiblioteke op te bou en skoolbiblioteke aan te moedig en te help met hul organisasie en hul werk.

Soos vroeer gesê, wissel die funksies van biblioteke met die verloop van tyd. Die wyd vertakte verpligtinge wat hul teenswoordig moet nakom, noop ons bibliotekarisse om hulle in die begin baie goed te laat opvoed en daarna professioneel te laat oplei. Wanneer hulle dan in diens is, bly hulle voortdurend in aanraking met die intellektuele lewe van hul omgewing. Hulle lok die verlore skape na hul biblioteke nie alleen nie. Hulle gaan ook uit hul heerlike vestings om die verdwaaldes en die groot aantal weifelaars en twyfelaars in te bring.

Ons raai almal wat met biblioteke iets te doen het aan om in voeling te kom met die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging wat tans besig is om hierdie onderwerp, die Funksies van Biblioteke, in hersiening te neem en hoër standaarde op te stel en prestasies na te streef. Tydens die onlangse kongres in Pretoria was dit vir die tweede keer n onderwerp van diepgaande ondersoek Die formulering sal waarskynlik binnekort sy beslag kry, en dit sal vermoedelik daarna n leidraad wees vir die meeste indien nie alle openbare biblioteke.

Ons biblioteekwese vorder ongetwyfeld, sonder haas maar met ferme tred. Ons moet net sorg dat iedere biblioteek gesien word as deel van die groot geheel van volksontwikkeling en dat dit tot die uiterste ingespan word in diens van die samelewing se breedste kennis en voordeel.

+ + + +

Die skrywer was onder meer Inspekteur van skole: Onder-sekretaris van Unie-Onderwys; Professionele assistent en Direkteur van Onderwys vir Volwassenes; voorsitter van die Kommissie von Ondersoek insake Volwasse Opvoeding, (Verslag 1945); Voorts is hy voorsitter Staatsbiblioteek-Beheerraad; Lid van die S.A. Biblioteekvereniging sedert sy stigting; verteenwoordiger van die Regering op die S.A. Biblioteekraad; en lid van die Pretoriase Komitee vir Voorstedelike Biblioteke.

*Dr. Eybers het vriendelik ingestem dat ons hierdie artikel, die derde in sy geleverde reeks radiopraatjies, kan gebruik.

□□□□

DIE EERSTE STREEKBIBLIOTEEK

VANRHYNSDORP

PERSOONLIKE HERINNERING

A.P. Roux

DIS die 7de Julie 1950. n Bietjie meer as n jaar gelede het die Kaaplandse Provinsiale Raad die **Biblioteekordonnansie**, nr. 10 van **1949 aanvaar**. **Hiervolgens** sou n vry biblioteekdiens ingestel word en alle koste aan die skema verbonde sou deur die Administrasie betaal word. Hoofsaaklik omdat gevoel is dat die behoefte vir so n diens in Namakwaland die grootste is, is besluit om die eerste daar te begin.

Die oggend klim ek in die donker op Klawerstasie af. Soos baie Bolanders het ek ook gedink dat hierdie wêreld n plat-gelykte is. Maar toe die spoorwegbus eindelik vertrek, is dit gou duidelik dat hier ook heuwels is.

Seweuur is ons op Vanrhynsdorp. Mnr. H.V. Bonny, die streekbibliotekaris, kom ontmoet my by die bus. Die eerste vraag wat ek aan hom stel, is nie oor my nuwe werk nie, maar wel of hulle op Vanrhynsdorp rugby speel! Daardie onskuldige vraag het veroorsaak dat ek glad nie so hartlik verwelkom is nie!

In die streekbiblioteek was alles nog een groot warboel, want ook mnr. Bonny het maar n week gelede met die werk hier begin. Sy enigste hulp was die vyftigjarige mnr. Cerff, tydelike assistent. Later sou ek leer dat die afgelope week maar n moelike een vir mnr. Cerff was. Mnr. Bonny, n immigrant, kon nie so goed in Afrikaans verduidelik wat hy gedoen wil hê nie. Geen wonder dat Mnr. Cerff my byna uit dankbaarheid omhels het nie.

Die opgestapelde boeke het ons so gou moontlik baasgeraak. Eindelik was die streekbiblioteek se voorraad gereed vir die groot eksperiment.

EERSTE BIBLIOTEEK

In daardie stadium het ons nog oor geen vervoermiddel beskik nie. Nie eers oor n stasiewa nie. Die boekwa sou eers n jaar later afgelewer word

Nietemin het ons teen die einde van Augustus 1950 vir die plaaslike openbare biblioteek op Vanrhynsdorp en die nabygeleë Vredendal van 500 boeke elk voorsien. Om op Vredendal te kom, moes ons gebruik maak van die magistraat, mnr. J.B. Smith, se aanbod. Hy moes een keer per week daarheen gaan.

Vredendal se openbare biblioteek was destyds in die stadsklerk se kantoor. Die werk daar het elke keer maar net n rukkie in beslag geneem, want die boeke, lyste, e.d.m

is reeds op Vanrhynsdorp gereed gemaak. Die res van die oggend het ons dan in die magistraatshof gaan deurbring!

Die geweldige leeshonger op hierdie twee plekke was n openbaring. Tot die einde van die jaar, het Vanrhynsdorp se oorspronklike 25 lede tot 265 vermeerder, (129 volwassenes en 136 kinders), terwyl op Vredendal die ledetal gestyg het van 30 tot 450,(231 volwassenes en 219 kinders). Die sirkulasie vir die paar maande het 7,633 beloop.

Aangesien al die openbare biblioteke in die streek aangesluit het, en die Administrasie vanaf 1 Januarie 1951 al die verpligtings t.o.v. die plaaslike biblioteke oorgeneem het moes tenders van plaaslike kontrakteurs gevra word om boeke na die verskillende dorpe te vervoer. Die week voor Kersfees kon ons toe die eerste besendings boeke aan die openbare biblioteke en sendingskole op Citrusdal, Clanwilliam, Graafwater, Lambertsbaai, Garies en Springbok voorsien. Garies was die eingste wat oor n geklassifiseerde boekvoorraad beskik het.

Intussen het die rustelose mnr. Bonny n betrekking in Australië aanvaar. Vanaf Nuwejaarsdag 1951 het ek dus as streekbibliotekaris waargeneem.

Eers op 11 Augustus 1951 ontvang ons die boekwa. Die bedoeling was dat die oorhandiging van die boekwa n belangrike gebeurtenis moes wees. Weens n noodlottige misverstand het die plaaslike komitee egter gedink dat slegs die persone wat na die eetmaal ter ere van die hoogwaardigheidsbekleërs genooi is die opening kan bywoon. Gevolglik was daar die oggend met die verrigting meer mense op die verhoog as in die gehoor! Die magistraat het sy flater ontdek en gou buite in die strate n ieder en elk gaan kommandeer. Skoolkinders is haastig uit die skoolkoshuise ontbied. Eindelik was daar n redelike gehoor.

EERSTE BOEKWA

Die volgende week het die eerste boekwa van die Biblioteekdiens sy eerste reis begin. Agter die stuur was mnr. S.H. Botha, die vragmotorbestuurder. Op elke plek wou die biblioteek-komitees sommer die hele boekwa aflaai. Hierdie eerste rit het ook die boekwa se tekortkominge aangetoon. Die boeke wou op die wêreld se gruispaaie eenvoudig nie op die gelyk rakke bly nie.

In elk geval, nou kon die Diens vinnig uitbrei. Verskeie openbare biblioteke sowel as blanke en nieblanke sentrums is gestig, sodat ''Die Burger'' met die opening van die tweede streek op Calvinia soos volg kon berig:

''Kaapland het in 1951 eers met die boek kennis gemaak en leer lees''. (16/8/52.)

Ons blanke uitreikings het toegeneem van 7,418 tot 101,564 in 1951 en die nie-blankes het 21,944 boeke gelees. Die ledetal het gestyg tot 4,552 blankes en 3,525 nie-blankes.

Spoedig het ons ook kleiner skooltjies van boeke begin voorsien. Dis eers toe dat ek die berge van Namakwaland deeglik leer ken het. En die hekke!

Maar dis veral die gebied tussen Garies en Springbok tot by die see wat die grootste eise aan ons en die vragmotor gestel het. Op Springbok

moes ons menige keer om 6 uur vm. reeds vertrek sodat ons die depots onderweg na Port Nolloth almal kon bedien en die aand nog op Port Nolloth kon gaan oornag. Die volgende dag moes ons miskien Komaggas en Soebatsfontein gaan besoek.

MET GRAAF EN PIK

Veral die rit na Komaggas en Soebatsfontein was n bewuste nagmerrie. Die boekwa het daardie drif deur die Buffelsrivier so goed geken dat hy gereeld daar in die sand vasgesteek het. Die moeilikheid het sommer met ons eerste besoek begin. Daardie dag het ons byna al die bome langs die oewer afgekap en onder die vragmotor ingesleep, maar uitkom was min. Uit pure moedeloosheid neem ek later my kamara - tot duidelike ergenis van mnr. Botha. Die neem van die foto het op die voertuig n wonderlike uitwerking gehad. Toe mnr. Botha onmiddelik daarna weer probeer, trek dit uit daardie sand asof dit nooit daar vasgesit het nie (Die betrokke foto is tydens die Van Riebeeck - fees deur die Biblioteekdiens vertoon). Ons moes toe nog vir Soebatsfontein en Wallekraal van boeke gaan voorsien. Daarvandaan is dit nog veertig myl na die naaste hotel op Garies. Vaal en honger het ons die aand om 11.30 nm. daar aangekom. Kos kon ons nie kry nie - net twee bottels bier!

n Tweede, maar veel erger ondervinding was veel later in daardie geweste ons lot. Dit het die Dinsdag so n bietjie gereën. Die Donderdag ry ons weer van Soebatsfontein na Wallekraal. Dit is gou duidelik dat ons die eerste voertuig is wat na die reën die pad gebruik. Orals staan sulke bruin waterplasse in die pad. Omtrent tien myl verder gee die vragmotor net onder ons pad. Ja-nee hy lê tot vas op sy agteras in die modder. Mnr. Botha maak n gat en ek dra al die klippe in die omtrek onder die wiele in.

Goed, na n paar uur ry ons weer. Maar na n myl of wat sak die hele voertuig tot op sy onderstel weg. Hierdie keer was daar nie klippe in die nabyheid nie. Moedeloos besluit ons om te stap. Die „Lang Pad" het die aand om sewe-uur by Wallekraal ge-eindig. Mnr. en mev. P.J. van der Merwe het ons vriendelik ontvang. Hyself en n paar van die boere in die omtrek het ons die volgende dag kom help - d.w.s. met grawe en pikke want trekkers en donkies was daar nie in die buurt nie.

Dit was weer harde werk, want elke keer as ons die vragmotor op „droë" grond kry, sak dit net weer weg. Dieselfde storie oor en oor. Omtrent half-twaalf deel een van die boere my mee dat dit die beste sal wees om te wag tot die wêreld weer droog is. Op my vraag verduidelik hy toe dat dit so veertien dae sal neem. Ons was welliswaar moedeloos maar hiervoor het ons nie kans gesien nie.

n Rukkie later kom die Dominee van Garies ook daar aan, want die oggend sou daar n biduur op Wallekraal plaasgevind het. Die biduurgangers is egter almal by die boekwa doenig. By hom is een van die ministers se seuns. Laasgenoemde was n skraal mannetjie. Nietemin gryp hy n pik en begin ywerig die taai karoobossies uit te kap.

Miskien was dit sy inspirerende voorbeeld, maar n rukkie later was die vragmotor weer op vaste aarde. Om die deurslag in die pad te vermy, moes die vragmotor eenvoudig oor bossies en klippe teen n heuwel uit bestuur word, en daarvandaan op die kruin van die heuwel langs tot ons verderaan weer die pad kon bereik.

Dis jammer dat ons by daardie geleentheid nie oor die dienste van die sterk Boerevrou, wat ons later sou help, beskik het nie. Hierdie keer was ons besig met voorraadsopnames en ons het per motor gery. Onderweg vanaf Hondeklipbaai het die Kapenaar wat die motor bestuur het om die laaste bedrieglike draai sommer reguit gehou. Gevolglik beland die voertuig n paar tree verder kniediep in die sand. Gelukkig kom n afleweringsmotor daar verby en n fris Boerevrou kom nader. Sy pak die agterste buffer met albei hande vas en lig die groot Chevrolet motortjie bo-op klippe en goed wat ons daar langsaan gepak het. Ek is bevrees dat ons nie veel gehelp het nie. Ons het maar net oop mond gestaan en kyk. Met haar hulp was die motor gou terug op die pad.

GASVRYHEID

Die ander hoofindruk oor daardie jare wat ek deur daardie drie distrikte gery het, is die vriendelikheid en die gasvryheid van die mense met wie ons in aanraking gekom het, veral die kanne ys wat hulle op warm dae vir ons gereed gehou het.

Een van die bibliotekarisse op n klein depotjie het sy gasvryheid darem oordoen. Na hy n paar keer herhaal het dat ons nou wel in Namakwaland mag wees, maar nie in die woestyn nie, het hy die drankies nadergebring. Om hom verleentheid te bespaar, het ons dit so gereël dat ons hom in die vervolg om halftien soggens besoek. - Dit het nie gehelp nie!

Tydens een van ons reise het mnr. Botha n hoë koors ontwikkel - weereens Wallekraal. Mev. Van der Merwe het hom dadelik in die bed gesit en hom met verdrag warm wyn laat drink. Na n dag of twee kon ons die terugreis begin.

Nog iets wat ek uit hierdie jare onthou, is die een bibliotekaris wat maar nie tussen verhalende en nieverhalende lektuur kon onderskei nie. Hy was die een uitsondering een met elke besoek moes ek weer van vooraf verduidelik.

VERTREK

Gedurende Maart 1956 is ek na Kaapstad verplaas. In daardie stadium het die streekbiblioteek volgens die ou ordonnansie 15 openbare biblioteke, 36 blanke en 47 nie-blanke depots bedien.

